

NASIENRIGLYNE

EKSAMEN	NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT
GRAAD	12
DATUM	NOVEMBER 2024
VAK	REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE
VRAESTEL	2
PUNTE TOTAAL	150
TYDSDUUR (UUR)	3
AANTAL BLADSYE	16



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



VAKSPESIFIEKE NASIENRIGLYNE

- Hersien gereeld die nasienriglyn en vrae tydens die nasiensessie.
- Dit is raadsaam om die vraag gereeld te lees (en weer te lees) saam met die kandidaat se antwoord om seker te maak dat dit ooreenstem, sodat jy nie deur die kandidaat se stellings/antwoorde mislei word nie.
- Moenie op sleutelwoorde of algemene stellings fokus nie, maar lees eerder die hele antwoord. As jy twyfel, lees die hele antwoord en dan die vraestel en nasienriglyne.
 - Oorweeg self of vra die IM of CM of die antwoord strook met die nasienriglyne voordat die korrekte punte aan die kandidate toegeken word:
 - Byvoorbeeld, die nasienriglyne sê 'goedkoop' en die leerder reageer met 'minder duur'; en 'delete' en die kandidaat reageer met 'erase'/'wipe'/'remove' ens.
- Pasop vir oorvleuelende antwoorde op 'n vraag. Oor die algemeen word EEN punt per feit toegeken.
- Alle nasien moet in **rooi pen gedoen word**, interne moderering word in swart pen gedoen, en moderering deur SACAI word in groen pen gedoen, terwyl Umalusi modereer in pers pen.
- Punte moet met 'n regmerkies "✓" direk bokant die betrokke sleutelwoord geskryf word. In die geval van twee punte per feit, moet twee regmerkies "✓✓" gemaak word. MOENIE die regmerkies aan die einde van die reël (sin) of paragraaf plaas nie. Merk verkeerde antwoorde met 'n kruisie (X) of onderstreep verkeerde sinne.



AFDELING A

VRAAG 1: PASSENDE ITEMS			
1.1	J	✓	(1)
1.2	O	✓	(1)
1.3	B	✓	(1)
1.4	I	✓	(1)
1.5	E	✓	(1)
1.6	G	✓	(1)
1.7	A	✓	(1)
1.8	D	✓	(1)
1.9	S	✓	(1)
1.10	Q	✓	(1)
[10]			

VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE			
2.1	C	✓	(1)
2.2	C	✓	(1)
2.3	D	✓	(1)
2.4	C	✓	(1)
2.5	A	✓	(1)
[5]			



VRAAG 3: WAAR VAN ONWAAR

Nota aan nasiener: Moenie 'n punt toeken as die sin verander word nie. Slegs die onderstreepte term mag verander word as die kandidaat aangedui het dat die stelling onwaar is.

3.1	Onwaar, rugsteun	✓	(1)
3.2	Onwaar, ROM/CMOS/BIOS	✓	(1)
3.3	Waar	✓	(1)
3.4	Onwaar, RFID	✓	(1)
3.5	Waar	✓	(1)
3.6	Waar	✓	(1)
3.7	Onwaar, ('deurlopend')	✓	(1)
3.8	Onwaar, kruisverwysing ('cross-reference')	✓	(1)
3.9	Onwaar, persentasie ('percentage')	✓	(1)
3.10	Waar	✓	(1)
			[10]

TOTAAL AFDELING A: [25]



AFDELING B

VRAAG 4: STELSELTEKNOLOGIEË

4.1	<p>Data gekopieer vanaf RAM na stoor Wanneer die gebruiker 'n instruksie / opdrag gee om die lêer te stoor/AutoSave (e.g., OneDrive, Google Drive) ✓</p>	(1)
4.2	<p>Voordeel van biometriese sekuriteit</p> <ul style="list-style-type: none"> • Akkurater • Verminder bedrog • Betroubaar • Gerieflik • Kan in verskillende toestelle geïntegreer word • Gebruikersherkenning tussen verskillende toestelle / stelsels <p style="text-align: right;">Enige een ✓</p>	(1)
4.3	<p>E-pos 'n sagtekopie van opstel Neem 'n foto van die opstel ✓ met jou (slim)foon ✓ en e-pos dit</p>	(2)
4.4	<p>Diens-siklus van drukker Die dienswerk van 'n drukker verwys na die maksimum aantal bladsye wat dit in 'n maand kan hanteer ✓ sonder om oormatige slytasie te veroorsaak</p>	(1)
4.5	<p>Koppel oorfone met WiFi</p> <ul style="list-style-type: none"> • Koppel oor langer afstande / groter vryheid om rond te beweeg • Bied hoër klankgehalte • Multi-toestel ondersteuning - geen behoefte aan herhaalde paring • Wi-Fi word dikwels vir multi-kamer klankstelsels gebruik <p style="text-align: right;">Enige een ✓</p>	(1)
4.6	<p>Lensopening en brandpuntsafstand Lensopening: 'n Groter (wyer) diafragma lei tot 'n helderder beeld (laat meer lig in. Dit is nuttig in lae-lig situasies) / 'n kleiner lensopening lewer 'n donkerder beeld ✓ Resolusie: Dit verwys na die vlak van detail wat 'n kamerasensor in 'n beeld kan vasvang / hoe hoër die resolusie hoe beter die kwaliteit van die beeld ✓</p>	(2)
4.7.1	<p>Rekenaargebruiker – advertensie Super gebruiker ✓</p> <p>Let wel: Aanvaar ook voorbeelde: Grafiese ontwerpers, videoredigeerders, 3D-animeerders, gamer ('hardcore gamers'), datawetenskaplikes, navorsers, finansiële ontleders, datasentrums, ens.</p>	(1)
4.7.2	<p>Hoeveelheid geheue 88 GB ✓ (64 op die moederbord + 24 op die grafiese kaart)</p>	(1)



4.7.3	<p>Verbinding met monitor DisplayPort ✓ EN</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hoër bandwydte • Warmprop-ondersteuning ('Hot-Plugging Support') • Langer kabellengtes • Hoër audiobitsnelhede ('Higher Audio Bitrates') <p style="text-align: right;">Enige een ✓</p>	(2)
4.7.4	<p>Verbinding in prentjie USB C ✓</p>	(1)
4.8.1	<p>Probleme met onversoenbare sagteware</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verminderde funksionaliteit: kenmerke en funksies in die sagteware werk dalk nie korrek of soos bedoel nie • Dataverlies / korrupsie • Integrasieprobleme met ander sagteware of die stelsel • Gebrek aan sekuriteitsopdaterings • Toepassings kan ineenstort ('crash') <p style="text-align: right;">Enige twee ✓✓</p> <p>NOTA: Die antwoord moet verband hou met onversoenbaarheid</p>	(2)
4.8.2	<p>Oorsaak van onversoenbaarheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • Onversoenbaarheid ontstaan wanneer verskillende weergawes van dieselfde sagteware bestaan / gebruik word • Bedryfstelselversoenbaarheid: Sagteware word ontwikkel om op spesifieke bedryfstelsels uitgevoer te word <p style="text-align: right;">Enige een ✓</p>	(1)
4.9	<p>Metadata van 'n lêer Metadata verskaf besonderhede wat met 'n lêer verband hou ✓</p> <p>EN 'n voorbeeld:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lêernaam • Lêergrootte • Lêer tipe • Skeppingsdatum ('Creation Date') • Wysigingsdatum ('Modification Date') • Skrywer • Titel • Onderwerp <p style="text-align: right;">Enige een ✓</p>	(2)



4.10	<p>G suite vs Tafelrekenaar-kantoorpakket</p> <p>Google G Suite laat toe:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Intydse / wolkgebaseerde samewerking • Veelvuldige gebruikers kan dieselfde dokument gelyktydig wysig • Outomatiese opdaterings • Maklike toegang vanaf enige plek • geen installasie nodig nie/ neem nie spasie van plaaslike berging / stoor op nie <p style="text-align: right;">Enige twee ✓✓</p>	(2)
4.11	<p>Dokumentbestuur sagteware kenmerke</p> <ul style="list-style-type: none"> • Toegangsbeheer / gebruikersnaam en wagwoordbeskerming • Beperkte toegang • Enkripsie • Ouditspore • Rugsteun en herstel • Veilige lêeroordrag • Dokumentsluiting / dokumente word gesluit wanneer 'n gebruiker dit aktief redigeer • Tydgebaseerde toegang <p style="text-align: right;">Enige twee ✓✓</p>	(2)
4.12	<p>Funksie/komponent van oopbronsagteware maak aanpassing van sagteware moontlik</p> <p>Toegang tot bronkode ✓</p>	(1)
4.13	<p>Reaksietyd van 'n vertoontoestel</p> <p>Ja, ✓ 'n vinniger reaksietyd lei tot gladder oorgange tussen take en toepassings, wat vertraging en onderbrekings verminder ✓</p> <p>OF</p> <p>Nee, reaksietyd is slegs belangrik wanneer grafies intensiewe take verrig word bv., die speel van speletjies of video redigering.</p>	(2)
[25]		



VRAAG 5: NETWERK- EN INTERNETTEKNOLOGIEË

5.1.1	Foto van koppelaar RJ45 ✓	(1)
5.1.2	Die kabel wat RJ45 koppelaar gebruik UTP/Ethernet ✓	(1)
5.1.3	Toestelle gekoppel aan RJ45 Rekenaar ✓ na skakelaar ('switch')/roeteerder ✓ OF Rekenaar ✓ na rekenaar/drukker · OF 'Switch' · na drucker ✓ LET WEL: Ken slegs 'n punt toe vir rekenaar aan bediener omdat 'n rekenaar nie direk aan 'n bediener koppel nie.	(2)
5.2	Internet van Dinge in 'n slimhuis Verskeie toestelle in 'n slimhuis kan deur 'n slimfoon / slimtoestel beheer word ✓ deur 'n internetverbinding te gebruik ✓	(2)
5.3	Sosiale media borrel Omgewing binne sosiale media platforms ✓ waar gebruikers blootgestel word aan inligting en sienings wat hul bestaande oortuigings versterk ✓	(2)
5.4	NFC in winkelsentrum <ul style="list-style-type: none"> • By die maak van betalings • Produkinligting en interaksie • Inligtingskiosks: besoekers kan op hul slimfone tik om toegang te verkry tot kaarte, gidse, promosies of ander relevante inligting • Slim plakkaat: om toegang te verkry tot multimedia-inhoud, produkbesonderhede of eksklusiewe aanbiedings wat met die geadverteerde items geassosieer word • Toegangsbeheerstelsels: toegangsbeheer by beperkte gebiede • Parkeerterreine: besoekers kan hul NFC-geaktiveerde toestelle of parkeerkaarte gebruik vir toegang tot parkeergeriewe, parkeergelde te betaal of hul parkering te valideer <p style="text-align: right;">Enige een ✓</p>	(1)
5.5	Kliënt-bediener-netwerk teenoor 'n eweknie-netwerk Eweknie-netwerk ✓ Aangesien sommige speletjies op rekenaar A en ander op rekenaar B geïnstalleer is, maak 'n eweknie-netwerk voorsiening vir die doeltreffende deel van hulpbronne tussen die twee rekenaars.	(2)
5.6.1	Wat is 'n protokol Protokolle is stelsel reëls ✓ vir data-oordrag tussen toestelle / hoe data in 'n rekenaarnetwerk oorgedra en ontvang word ✓	(2)



5.6.2	e-handel protokol https ✓	(1)
5.7	Stelselbetroubaarheid in roosterrekenarising ('grid computing') Wanneer 'n rekenaar faal, neem ander rekenaars in die rooster ('grid') die werk oor, wat stelselbetroubaarheid verseker ✓	(1)
		[15]

VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR

6.1	Inligtingsbestuur Verwerk / ontleed ✓	(1)
6.2	Korrelasie neiging Dit beskryf hoe veranderinge in een veranderlike / patroon / verwantskap ✓ geassosieer word met veranderinge in 'n ander veranderlike / tussen twee of meer veranderlikes ✓	(2)
6.3	Vraelyste vervang tradisionele navorsing Wanneer jy die mening van 'n persoon wil hê ✓	(1)
6.4.1	Kry antwoorde 1 tot 5 Gebruik 'n aftreklys / kombinasieboks / opsieknoppies ✓ om die antwoord van die gebruiker te kry	(1)
6.4.2	Oop-vraag van meervoudige keuse Deur 'n "ander" opsie in te sluit ✓ sal dit respondente aanmoedig om bykomende inligting te verskaf ✓	(2)
6.4.3	Geldendheid van inligting Geldendheid verwys na hoe op datum die inligting is ✓	(1)
6.4.4	Borg Die inligting kan partydig / nie objektief wees nie ✓	(1)
6.5	Grafiek tipe Sirkel grafiek ✓	(1)
		[10]



VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

7.1	<p>Tipe sleutelbord</p> <p>'n Blinde / gesigestremde persoon</p>	(1)
7.2	<p>Verifikasie metode</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skermsluit patrone: Gebruikers teken 'n spesifieke patroon (op die raakskerm) om die toestel te ontsluit • PIN's: Dit is numeriese kodes wat deur die gebruiker ingevoer word • Wagwoord: 'n Kombinasie van karakters, nommers en simbole <p style="text-align: right;">Enige een en beskrywing ✓✓</p> <p>NOTA: 'n Punt vir benoeming en 'n punt vir die beskrywing</p>	(2)
7.3	<p>Handmatige rugsteune</p> <ul style="list-style-type: none"> • Menslike fout: Handmatige rugsteun maak daarop staat dat gebruikers onthou om die rugsteunproses te begin • Onvolledige rugsteun: Gebruikers kan vergeet om sekere lêers en vouers in hul handmatige rugsteun in te sluit • Tydrowend: Die skep van handmatige rugsteune kan tydrowend wees, veral as gebruikers groot hoeveelhede data het om gereeld te rugsteun • Risiko van dataverlies tussen rugsteune: Omdat handmatige rugsteune tipies periodiek uitgevoer word, is daar 'n risiko van dataverlies tussen rugsteunsessies • Herstelprobleem: In die geval van dataverlies of algemene stelselfout, kan die handmatige rugsteun van data vanaf rugsteun ingewikkeld wees • Inkonsekwente rugsteunskedules: Die gebruiker moet onthou om die handmatige rugsteun te maak <p style="text-align: right;">Enige twee ✓✓</p>	(2)
7.4	<p>Voordele van aanlyn...</p> <ul style="list-style-type: none"> • Spaar tyd • Gerieflik • Bespaar op vervoerkoste <p style="text-align: right;">Enige twee ✓✓</p> <p>NOTA: Ken punt toe vir enige korrekte antwoord</p>	(2)
7.5	<p>Afname in sagtewareroof</p> <ul style="list-style-type: none"> • Met 'n intekeningmodel moet gebruikers gereeld (gewoonlik maandeliks of jaarliks) betaal om toegang tot die sagteware te behou. • Intekeninggebaseerde sagteware vereis dikwels dat gebruikers hulle besonderhede aanlyn verifieer. Hierdie proses verseker dat slegs betalende kliënte toegang tot die sagteware het • Baie intekening-gebaseerde sagteware-aanbiedinge werk op wolk-gebaseerde platforms. Hierdie opset laat die sagtewareverskaffer toe om toegang sentraal te beheer • Intekeningmodelle sluit dikwels outomatiese opdaterings en verpligte lisensiëring in. Hierdie maatreëls kan ongemagtigde kopieë van die 	(1)



	sagteware opspoor en lisensiëring afdwing	Enige een ✓	
7.6	Herwinning van ou rekenaaronderdele dra by tot groen rekenaars <ul style="list-style-type: none"> Bespaar hulpbronne: Jy gebruik nie nuwe hulpbronne om nuwe parte te vervaardig nie Bespaar energie: Elektrisiteit word nie gebruik in die vervaardiging van nuwe komponente nie Vermindering van e-afval 	Enige twee ✓✓	(2)
			[10]

VRAAG 8: OLOSSINGSONTWIKKELING

8.1.1	Begin bladsynumering op die tweede bladsy (In die 'options'-groep, merk die blokkie wat aandui) 'Different First Page' ✓		(1)
8.1.2	Begin bladsynumering op die tweede bladsy begin met 1 Verander die begin by ('start at') bladsynommer ✓ na 0 (nul) ✓		(2)
8.2	Tabel van figure Die nommer wat met die figuur geassosieer word (bv. "Figuur 1," "Figuur 2") ✓ 'n Kort beskrywing, byskrif of die titel van die figuur ✓ Die bladsynommer waar die figuur in die dokument verskyn ✓		(3)
8.3.1	Voeg die dele van kode saam Gebruik die 'concatenate / concat' funksie ✓ Gebruik die '&' karakter ✓		(2)
8.3.2	Oudste datum gegee 23/11/2003 OF die oudste datum ✓		(1)
8.3.3	Data-etiket vs data-tabel		(2)



8.4	<p>Hoekom prent in dieselfde vouer plaas</p> <ul style="list-style-type: none"> • Makliker om lêers te bestuur want alle verwante hulpbronne is op een plek • Maklik toeganklik deur die HTML-kode • Makliker om die hele webblad na 'n ander ligging of bediener te skuif • Korter lêerpaaie as daar na die beelde in die HTML-kode verwys word • Vinniger laai tye <p style="text-align: right;">Enige twee ✓✓</p>	(2)
8.5	<p>Die doel van TotalSales: [Hoeveelheid Verkoop] * [Eenheidsprys]</p> <p>Die formule vermenigvuldig die waarde van die Hoeveelheid Verkoop veld✓ met die waarde in die Eenheidsprys -veld ✓ en vertoon resultaat in die Totale Verkope -veld</p> <p>NOTA : Die kandidaat moet aandui dat dit 'n veld is</p>	(2)
		[15]

TOTAAL AFDELING B: [75]



AFDELING C

VRAAG 9: INTEGRASIE

9.1.1	<p>Hoekom is OCR meer kompleks as normale skandering OCR-tegnologie maak voorsiening vir die onttrekking van teks en redigering van geskandeerde dokumente ✓ / OCR-tegnologie verander die teksinhoud van die geskandeerde dokument na redigeerbare teks</p>	(1)
9.1.2	<p>Uitdagings van OKH ('OCR')</p> <ul style="list-style-type: none"> • Akkurate karakterherkenning • Die behou van die formatering van die geskandeerde dokument • Hantering van nie-standaard lettertipes en uitlegte (gestileerde of dekoratiewe lettertipes) • Teks op dokumente met komplekse agtergronde, soos watermerke <p style="text-align: right;">Enige twee ✓✓</p>	(2)
9.2.1	<p>Defragmentering word op watter komponent gedoen Hardskyf ✓</p> <p>LET WEL: Moenie SSD, flash -skywe of enige stoortoestel wat data elektronies stoor aanvaar nie</p>	(1)
9.2.2	<p>Hoe defragmenteer werkverrigting verhoog Defragmentering herorganiseer verspreide datafragmente en plaas dit aaneenlopend op die skyf / sit dele van lêers saam ✓ As gevolg hiervan kan die lees-en skryfkop meer doeltreffend toegang tot data verkry, wat die soektyd verminder / versnel werkverrigting van die rekenaar ✓</p>	(2)
9.3.1	<p>Komponent op moederbord en grafiese kaart Grafiese Verwerkings Eenheid ✓</p>	(1)
9.3.2	<p>Doel van die GVE ('GPU') en SVE GVE: Die hoofdoel van die GVE is om die skep van beelde, grafika en visuele effekte te hanteer. ✓ SVE: Die hoofdoel van die SVE is om instruksies uit te voer / berekeninge vir verskeie take en prosesse uit te voer ✓</p>	(2)
9.4	<p>SVE faktore Die spoed/GHz van die SVE en die aantal kerne</p> <p>LET WEL: Moenie antwoorde aanvaar wat met die konneksie verband hou nie, bv. ZIF-sok of SVE-sok</p>	(2)
9.5	<p>Swart bedienerskerm Onvanpaste resolusie-instellings ✓, of verouderde grafiese drywers ✓</p>	(2)



9.6.1	<p>Gradeer een komponent op Geheue / RAM ✓ EN</p> <ul style="list-style-type: none"> • Windows 11 vereis 'n minimum van 4 GB RAM, ander programme sal addisionele geheuebronne benodig • Gestremde gebruiker sal tipies skermlesers gebruik, oogopsporingstoestelle wat meer RAM benodig <p style="text-align: right;">Enige een ✓</p>	(2)
9.6.2	<p>Bergingstoestelle 512GB NVMe SSD ✓ 1TB HDD ✓ EN</p> <p>SSD: Installeer die bedryfstelsel en ander programme wat gebruik word / programme wat vinnige verwerking vereis ✓ HDD: Word gebruik om data soos foto's, dokumente ens. te stoor ✓</p>	(4)
9.6.3	<p>Installeer 'n blaaiër Bedryfstelsels (soos Linux Ubuntu en Windows) word vooraf geïnstalleer met 'n webblaaiër (Edge, FireFox), daarom is dit nie nodig om 'n webblaaiër te installeer nie ✓</p>	(1)
9.7	<p>Handvrye telefoonoproepes ens. Stemherkenningsagteware ✓</p>	(1)
9.8	<p>Kommunikasie sagteware</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skype • Teams • WhatsApp • Zoom <p>Enige een ✓ LET WEL: Gee punt vir enige sagteware wat VoIP gebruik</p>	(1)
9.9	<p>Gebruik Google-docs as hoof woordverwerkingsprogram Nee, ✓ Google Docs het 'n beperkte stel woordverwerkingsfunksies in vergelyking met ander toepassings ✓</p>	(2)
9.10	<p>CSS op webwerwe CSS word gebruik vir stilering en formatering van webwerwe ✓</p>	(1)
		[25]



VRAAG10: INTEGRASIE

10.1.1	Tipe netwerk nodig Intranet ✓	(1)
10.1.2	Tipe verbinding nodig Hulle sal 'n internetverbinding gebruik ✓	(1)
10.1.3	Verifikasie nodig Die werknemers sal hulle gebruikersnaam ✓ en wagwoord ✓ moet invoer	(2)
10.2	E-pos onderwerplyn ('subject line') Die onderwerpreël gee 'n kort aanduiding van die e-pos se inhoud ✓	(1)
10.3	Incognito/InPrivaat <ul style="list-style-type: none"> • Lêers afgelaai • Boekmerke • Uitbreidings ('Extensions/add-ons') • Vorms en Outovul Data <p style="text-align: right;">Enige twee ✓✓</p>	(2)
10.4	Vodcast en vlog Albei gebruik video-inhoud ✓	(1)
10.5	Fisiese effekte van VR <ul style="list-style-type: none"> • Bewegingsiekte ('Motion sickness') • Disoriëntasie / balans • Oogstremming ('Eye Strain') <p style="text-align: right;">Enige een ✓</p>	(1)
10.6	Antivirus wat op 'n bediener geïnstalleer is, beskerm nie toestelle nie <ul style="list-style-type: none"> • Wanneer 'n toestel nie aan die bediener se netwerk gekoppel is nie, het die bediener geen insae in potensiële bedreigings op die ontkoppelde toestel nie. • Wanneer 'n toestel nie aan die netwerk gekoppel is nie, kan skandering nie plaasvind nie. • Wanneer 'n toestel van die netwerk ontkoppel word, sal dit moontlik nie nuwe opdaterings betyds ontvang nie, wat dit moontlik kwesbaar maak vir nuwe bedreigings. <p style="text-align: right;">Enige twee ✓✓</p>	(2)
10.7	Diefstal van tyd en diefstal van dienste <i>Diefstal van tyd</i> is wanneer werknemers persoonlike werk doen terwyl hulle by die werk is / betaling ontvang vir werk wat nie gedoen word nie. ✓ <i>Diefstal van dienste</i> behels die gebruik van maatskappyhulpbronne vir persoonlike sake ✓	(2)
10.8	Wat is Crowdfunding Crowdfunding is 'n fondsinsamelingsmetode wat behels dat klein bedrae geld van baie mense ✓ ingesamel word, tipies via aanlyn/internet/sosiale media platforms ✓	(2)

10.9	Fopnuus Dit is opsetlik ✓ misleidende aanlyn inhoud ✓ gebruik om menings te beïnvloed, agendas te stoot of verwarring te skep	(2)
10.10	Hiperskakel <ul style="list-style-type: none"> • 'n Ligging binne dieselfde dokument • 'n Ander dokument • 'n E-posadres <p style="text-align: right;">Enige twee ✓✓</p>	(2)
10.11	Basiese struktuur van 'n webblad <pre> <html> <head> <title> } ✓ </title> </head> <body> } ✓ </body> </html> </pre>	(2)
10.12	Ryspan vs Kolomspan Rowspan: voeg selle in 'n ry saam (horisontaal) ✓ Kolomspan: voeg selle saam in 'n kolom (vertikaal) ✓	(2)
10.13	Kriteria in 'n navraag Kriteria A: Alle inskrywings wat eindig met 'dorp' sal teruggestuur word ✓ Kriteria B: Alle inskrywings wat gelyk is aan 'dorp' sal teruggestuur word ✓	(2)
		[25]

TOTAAL AFDELING C: [50]

GROOTTOTAAL: [150]